GEBED VIR NOG 'N NUWE DAG

GEBED VIR NOG 'N NUWE DAG

’n GEBED VIR ELKE DAG VAN DIE JAAR

J. H. JOWETT

CruGuru

GEBED VIR NOG 'N NUWE DAG

Kopiereg © 2009 CruGuru

ISBN: 978-1-920265-92-2

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier of in enige vorm gereproduseer, weergegee, gestoor of oorgesend word sonder skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

Die eerste uitgawe het in 1905 verskyn onder die titel *Yet Another Day*. Die Nederlandse vertaling deur J.H. Gunning J.Hz. het in 1935 verskyn onder die titel *Een Bede vir Elke Dag*. Afrikaanse vertaling (2009) deur Martyn Demas.

Hierdie uitgawe uitgegee deur CruGuru in 2009

www.cruguru.com

Buite-omslag is gebaseer op ’n skildery deur die Deense kunstenaar, Peter Vilhelm Ilsted (1861-1933)

VOORWOORD

In stil wees en vertroue sal jou krag lê.

Ons het ’n behoefte aan ’n vaster en kalmer versekering terwyl ons bid. Selfs in ons smekinge is dit nodig om te "rus in die Here." Miskien sou dit ’n goeie ding vir baie van ons wees as ons in ons gebede minder wil sê en meer wil luister. "Ek wil hoor wat God die Here wil sê."

Om te luister sal rus bring, waar om te praat net die temperament mag laat opvlam. Is dit nie wonderlik nie om te besef dat daardie pragtige frase, "Rus in die Here," slegs dit beteken: "Wees stil in die Here."

Ds. John Henry Jowett, M.A.
1905

Inhoudsopgawe

Januarie 1
Februarie 9
Maart 15
April 21
Mei 29
Junie 37
Julie 45
Augustus 53
September 61
Oktober 69
November 77
Desember 85

JANUARIE

1

Vader, maak vandag alles in my nuut. Maak ou verpligtinge vir my nuut. Vernuwe my liefde. Vernuwe my geloof. Skenk aan my die begeerte na 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde.

2

Ewige Vader, ek neem my toevlug tot U genade. Beskerm my in hierdie wêreld. Laat my ervaar dat daar 'n vurige muur rondom my is. Ek is veilig en getroos in U beskerming.

3

Liefdevolle Vader, laat my in heilige eerbied voor U aangesig wandel. Laat ek U teenwoordigheid alom aanvoel. Laat ek U voorsienige liefde in alles erken. Bewaar my, waar ek ook al gaan.

4

Barmhartige God en Vader, help my in die stryd teen versoekinge en laat in elke worstelstryd waarin ek beland, my Heiland se oorwinningsbanier wapper. Maak my 'n ware soldaat van Christus.

5

Vader van alles wat lewe, skenk aan my 'n oorstromende liefde. Bevry my van alle louheid en koudheid sodat alles in my U heilige Naam sal grootmaak. Skenk aan my die krag van die ewige lewe.

6

Heiland van die wêreld, ek bid vir almal wat werk vir die uitbreiding van U Koninkryk op aarde. Stort U seën uit oor almal wat van U getuig onder armes en verlorenes, onder kleines en grotes, onder magtiges en geringes in hierdie land en op die hele aarde.

7

Vader, maak my hart ruim en my liefde ryk. Laat my lewe lyk soos 'n skaduryke boom sodat vermoeide reisigers by my rus en lafenis mag vind.

8

Vader, ek bid vir alle huisgesinne van ons volk. Mag ouers en kinders aan die wêreld die heerlike voorbeeld van 'n heilige lewe stel. Maak ons liefde heilig. Vorm ons gesinne tot seënryke fonteine van lewende water.

9

Hemelse Vader, ek dank U dat ek alle goeie dinge uit U hand mag ontvang. Laat my blymoedig tot U nader soos tot die lewende bron waaruit ek alles mag put in die naam van Christus, my Verlosser. Vul U my aardse kruik tot aan die rand en laat U oorvloedige genade vir my 'n ontwyfelbare waarborg van U gemeenskap wees.

10

My God, wys my wat my gevaarlikste sonde is. Help my om die versoeking te herken wanneer dit my bedreig. Maak my bekwaam vir die goeie stryd. Sterk my deur U genade.

11

Vader, gee dat daar vandag dag ’n goeie invloed van my mag uitgaan. Laat ek vir geen enkele soekende siel ’n struikelblok wees nie, maar gee dat almal wat U op my pad plaas deur hul verkeer met my hulself verbeter en nader aan U kom.

12

God van die lig, verlig my gees. Bestraal al die donker skuilhoeke van my hart en maak my ’n kind van die lig. Laat ek my geheime sondes ontdek en leer my om hulle te haat. Vernuwe my begeertes. Skenk aan my ’n rein hart.

13

Vader, lei my op die weg van die lewe. Wys my dat die breë pad lei tot sondige slawerny en dat my verkeerde begeertes my ewige hartseer gaan besorg. Help my om die goeie te ken en lief te hê.

14

Hemelse Vader, skenk aan my die sekerheid van U nabyheid. Laat my so voor U lewe asof ek U van aangesig tot aangesig waarneem. Laat my nooit twyfel aan U gewilligheid nie en bevestig in my die vaste sekerheid dat die krag van die ewige lewe my omring deur U nabyheid.

15

Vader, alle dinge is moontlik vir diegene wat glo. Laat my geloof toeneem. Laat my met 'n rustige vertroue alle struikelblokke oorwin. Versterk my deur U krag vir my lewenstaak. Laat die berge van swarighede vir my 'n soos gelyke pad word.

16

Heilige Vader, maak my hart so ruim dat iedereen daarin 'n plek kan vind. Help my dat ek nie slegs aandag gee aan dit wat myne is nie, maar ook let op dit wat van 'n ander is. Verlos my van die onderwerping aan selfsug.

17

Christus, my Koning, maak my in alles wat ek doen, aan U gehoorsaam. Gee dat elke gedagte van my ooreenkomstig met U wil is. Laat my siel U voortdurend in diepe eerbied dien.

18

My Heiland, leer my bid ook vir almal wat ek nie liefhet nie. Verwyder die skille van my oë af sodat ek ook in hulle die goeie mag sien. Toon aan my hoe ek ook my vyande moet liefhê.

19

Almagtige God, ek dank U dat ek tot U gemeenskap geroep is. Leer my om te bid sonder ophou. Verlos my uit die slawerny van die aardse gedagtes wat voorkom dat ek aan U dink. Skenk aan my die vryheid van die hemelse vreugde.

20

Vader, maak my getrou in U diens. So dikwels laat ek toe om verhinder te word om my plig as U kind te vervul. Maak my voet

sterk en vas in die geloof. Help my om gewillig en vol vreugde die goeie te doen.

21

God van alle genade, ek verhef my siel op tot U. Verkwik my siel en skenk nuwe lewe daaraan. Verhinder my om in U diens onwillig te word. Gee dat die water van die lewe my voortdurend verkwik en versterk.

22

My Here en my God, maak my selfs in die kleinste dinge getrou. Laat ook die geringste in my lewe deur U geheilig wees. Gee dat ek U wil steeds stiptelik sal uitvoer. Here, versterk my geloof en versterk ook my gehoorsaamheid deur die geloof.

23

Vader, skenk aan my die oortuiging dat ek U begenadigde kind is. Gee dat ek U steeds inniger sal liefhê en laat my daardeur tot die insig kom dat my sondes my vergewe is.

24

Vader, laat die water van die lewe vandag ryklik oor al U kinders uitstort. Gee aan die bekommerdes nuwe krag. Versag die verharde harte. Laat die woestyn weer vrug dra. Wek die geestelike dooies op tot ’n nuwe lewe.

25

Almagtige God, ek bid vir iedereen wat in ’n stryd gewikkel is en wat hul magteloosheid so diep beleef. Gee dat hulle sal glo dat U hulle nie sal verlaat nie. Wys aan hulle hoeveel Christus, wat hulle

so uitnemend liefgehad het, vir hulle doen en laat hulle koninklik oorwin om sy ontwil.

26

Vader, wek in my die gees van dankbaarheid. Laat ek U genade tog nie aanneem asof ek dit verdien nie. Gee dat ek U elke dag opnuut om U vrye genade en barmhartigheid sal loof en prys.

27

Grote God en Vader, ek bid vir my vaderland. Seën hulle wat oor ons regeer. Laat die môredou van U genade hulle verfris en versterk. Verbind ons en ons regering hegter aan U.

28

Vader, help my om doel van my lewe op die aarde steeds beter te kan begryp. Gee dat ek my dae nie misbruik nie. Dit behoort tog alles aan U. Toon aan my die eindelose waarde van tyd. Laat my so lewe dat elke dag en elke uur 'n verheerliking is van U heilige naam wat nooit genoeg prys kan ontvang nie.

29

My Heiland, laat my hier op aarde met al sy verganklikheid tog telkemale weer die lug van U ewigheid inasem. Laat die versterkende wind van U hoë berge aanhoudend na my vlaktes toe waai om my altyddeur nuwe krag te skenk.

30

Barmhartige God, leer my om U sagmoedigheid reg te begryp. Laat my besef dat dit die bron van ware krag is. Gee dat ek U krag daardeur so kan bewys dat ek die swakheid van ander tot hulp

kan kom. Gee dat dit vir my ’n eer sal wees om saam te dra aan die las van my medemens.

31

Vader, ek dank U vir my daaglikse brood. Gee dat ek dit altyd met eerbied en dankbaarheid sal geniet. Voed my met die brood van die lewe. Laat my opgroei in U genade, en gee dat ek in die heiligmaking altyd vir Jesus sal volg.

FEBRUARIE

1

My Here, U laat my weer 'n nuwe maand begin in U genade. Gee dat ek hierdie maand in U Gees en tot U eer mag begin en voleindig. Help my om U wet te onderhou en om daarin vreugde te vind.

2

Almagtige God, gee dat U wil ook my wil is. Gee dat ek niks buiten U begeer nie. Laat alle ander vreugdes vir my tot bitterheid word. Gee dat ek slegs na dit mag hunker na wat heilig is en gee dat slegs dit wat goed is vir my, blydskap sal voorsien.

3

Vader, laat ek my sondes in die lig van U aangesig aanskou en nie in die skadu van enige menslike mening nie. In U lig alleen sien ek die lig. Stel my sondes in daardie lig sodat ek daarvoor bang word en hulle haat.

4

Vader, skenk my toegang tot U ryke besittings in al my nood en ellende. Laat U sterre skitter in my donker tye en stuur U engele om my in alle vervolging en beproewings te vertroos.

5

My Saligmaker, wees my tot hulp sodat ek in alles aan U heilige voorbeeld sal dink. Gee dat die woorde vat ek spreek aangenaam sal wees, en my vriendelikheid geheilig sal wees. Gee dat my veroordeling deur liefde versag sal word. Skenk aan my U gesindheid, o Here Jesus Christus.

6

My Here en my God, U wil ek eer en dien. Laat ek niks begeer wat nie vir U welbehaaglik is nie. Verlos my van alle baatsugtigheid en verhef my tot 'n lewe in die lig.

7

Heilige Vader, gee dat ek my erfenis in Christus Jesus omhels. Laat my deel kry aan die onuitputlike rykdomme van my Saligmaker. Trek die feeskleed vir my aan. Gee skoene aan my voete sodat ek die evangelie van vrede mag dien.

8

Vader, as daar aan die begin van hierdie dag een of ander onreine bedoeling in my hart is, neem dit dan weg van my. Sou ek iets wens wat my naaste mag seermaak, laat dit deur U genade in my weggaan.

9

My God, ek dank U vir hierdie nuwe dag en vir al die genade wat U vandag aan my wil skenk. Laat vandag geen onvrugbare dag vir my wees nie. Help my om te begryp wat U aan my wil leer. Gee dat ek die vrug van hierdie dag ook môre mag ervaar.